

<b>Innibos 2017 FEESTERREIN</b>
---------------------------------

Hierdie program is onderhewig aan veranderinge.

Alle onderstaande vermaak op die feesterrein word by die hektoegang ingesluit.

<b>STANDARD BANK HOOFVERHOOG-PROGRAM</b>
------------------------------------------

<b>Woensdag 5 Julie 2017 – Huisgenoot Afskopkonsert</b>
---------------------------------------------------------

Bobby van Jaarsveld, Bok van Blerk, Jay, Andriette Norman, Broers, Pieter Koen, Joshua na die Reën

Hektoegang: Volwassenes R110, Voorskoolse en Laerskoolkinders GRATIS

Senior Burgers R50

Goue sirkel: R80 per persoon (alle ouderdomme)

<b>Donderdag 6 Julie 2017 – kykNET NOU! konsert</b>
-----------------------------------------------------

Arno Carstens, The Black Cat Bones, Majozi, Matthew Mole, VanFokKingTasties, Hemelbesem en die twee *bands* van die Innibos RockRumoer-kompetisie.

Hektoegang: Volwassenes R110, Voorskoolse en Laerskoolkinders GRATIS

Geen goue sirkel

<b>Vrydag 7 Julie 2017 – kykNET Konsert</b>
---------------------------------------------

Theuns Jordaan, Dozi, Karlien van Jaarsveld, Brendan Peyper, Nádine, Emo Adams en Leah

Hektoegang: Volwassenes R165, Voorskoolse en Laerskoolkinders GRATIS

Goue sirkel: R110 per persoon (alle ouderdomme)

<b>Saterdag 8 Julie 2017 – JacarandaFM Konsert</b>
----------------------------------------------------

Elvis Blue, Robbie Wessels, Kurt Darren, ADAM, Riana Nel, Juanita du Plessis, Corlea Botha, Snotkop, Dewald Wasserfall, Refentse, MoniQue, Rikus Nel, Jo Black, Liezel Pieters.

Vereer: Amanda Strydom

Hektoegang: Volwassenes R195, Voorskoolse en Laerskoolkinders GRATIS

Goue sirkel: R240 per persoon (alle ouderdomme)

<b>Sondag 9 Julie 2017 –Loof Hom Innibos</b>
----------------------------------------------

Refentse, Manne wat Glo (Leon Ferreira, Jan de Wet, Willie Joubert) Lindi Strydom (seremoniemeester), Louis Britz, Burgerd Botha, Wynand Delport e.a.

GRATIS vir almal.

**Daar is ook 'n weekkaartjie beskikbaar vir R500 wat toegang op al die feesdae insluit.**

<b>Innibos kuierverhoë bied topvermaak in die oortreffende trap!</b>
----------------------------------------------------------------------

Innibos het vier kuierverhoë waar van die land se topkunstenaars optree en wat iets vir elke feesganger se musieksmaak bied. Die Arena-verhoog is op die boonste veld geleë (regeoorkant die Standard Bank hoofverhoog), die kykNET-Leefverhoog in die

Bosmôl, die KMI Airport-verhoog in die kunspark en Die Blou Hond-verhoog net oos van die hoofarena.

Die kykNET-Leefverhoog in die Bosmôl gaan hierdie jaar 'n besondere kuiерplek wees. Die Huletts Koeksisterkompetisie vind daagliks vanaf 15:00 daar plaas. 'n Groot dansvloer gaan voor die verhoog ingerig word, sodat feesgangers lekker kan saamskoffel met orkeste soos Rohan en sy boereorkes en die Campbells.

Bekendes wat deur die loop van die feesdae op die kuierverhoë gaan optree is onder andere, Albert de Wet, Ampie, Chris Else, Elvis se Seun, Franja, Ghapi, Jakkie Louw, Jo Black, Liza Bröner, Marno van der Merwe, Martin Bester, Quentin Prinsloo, Pieter Smith, Rymstoff en Wynand & Chereé Strydom.

Al hierdie kunstenaars se optredes is by die hektoegang ingesluit. Die volledige terreinprogram is by die hekke en op die webwerf beskikbaar.

### **kykNET Nou! Rockverhoog**

#### **Innibos RockRumoer-kompetisie**

Innibos bied jaarliks 'n landwye rock-kompetisie aan. Dié kompetisie vind plaas op die kykNET NOU! Rockverhoog op Woensdag 5 Julie 2017 vanaf 18:00. Die 5 finaliste wat optree, is After Robot, Generasie Stasie, Having Cows, Kirkland en Matt Carstens.

Francois van Coke, Albert Frost en Neels van Jaarsveld sal twee *bands* aanwys wat die Donderdagaand op die Standard Bank hoofverhoog optree saam met Arno Carstens, The Black Cat Bones, Majozi, Matthew Mole, Hemelbesem en VanFokKingTasties.

Die wenner kry 'n prysgeld van R25 000.00 geborg deur Cell C en 'n musiekvideo van kykNET.

#### **Woensdag 5 Julie 2017**

Francois van Coke en die 5 RockRumoer-finaliste – After Robot, Generasie Stasie, Having Cows, Kirkland en Matt Carstens.

#### **Vrydag 7 Julie 2017**

Manny Walters, Albert Frost, Spoegwolf, Bittereinder en Die Heuwels Fantasties.

#### **Saterdag 8 Julie 2017**

Tuin, Desmond & the Tutus, Dan Patlansky, Wonderboom en Locville.

### **Mhoba Rum Boma-kuierteater**

Die Mhoba Rum Boma-kuierteater op die feesterrein bied stukkies teater uit die boonste rakke aan. Hier word feesgangers kuiер-kuiер aan teater en ander kunsvorme blootgestel. Kom geniet kort eenmanvertonings, toneelproduksies en interessante onderhoude. Alle vertonings by die Mhoba Rum Boma-kuierteater is gratis (slegs hektoegang).

#### **Leer Lag Luid**

Met Ian Wessels

Datum en tyd: **Wo 5 Jul 16:00; Do 6 Jul 12:00; Vr 7 Jul 17:00; Sa 8 Jul 18:00**

Daar is genoeg dinge wat mense warm onder die kraag maak, maar na hierdie produksie sal daai warm gevoel terugskuif van die kraag na die maag. Lag bly die beste medisyne, maar sommige mense doen dit gans te stram. Daarom het Ian Wessels besluit om 'n kortkursus in lag saam te stel - spesiaal vir Innibos. Al het jy deesdae net 30% nodig om deur te kom, sal al die *honourable members* wat betyds by die Boma opdaag cum laude slaag! *Leer Lag Luid* verken verskillende kategorieë van humor. Lag mans en vroue vir dieselfde goed? Kan jy vir jousef lag of net vir ander? Hou jy van slim humor of lag jy eerder as slim sy baas vang? Hou op mor en kom *Leer Lag Luid* saam met radiopersoonlikheid Ian Wessels.

### **O my goeie volk**

Met Esther von Waltsleben

Datum en tyd: **Wo 5 Jul 14:00; Do 6 Jul 11:00; Vr 7 Jul 15:00; Sa 8 Jul 12:00**

In hierdie eenvrou-vertoning het Esther Von Waltsleben en Marion Holm (regisseur) kragte saamgespan om met skerp teks en fyn karakterwerk 'n eersteklas-komedie te skep. Hierdie twee het al verskeie kere saamgespeel soos in *Proesstraat* en *Die Van Aardes van Grootoor*. Wetenskaplikes het onteenseglik bewys dat lag goed is vir jou: dit verlaag jou stresvlakke, beveg depressie, verhoog jou weerstand teen siektes en verlig fisieke pyn en (bonus!) dis aansteeklik. Die vertoning word deur dokters aanbeveel vir alle krankes en gekrenktes. Bring jou krukke, sleep jou drup saam en kom kry jou dosis medisyne.

### **Menzi Mkhonza**

Datum en tyd: **Wo 5 Jul 12:45; Do 6 Jul 12:45; Vr 7 Jul 12:45; Sa 8 Jul 12:45**

Kom luister hoe hierdie talentvolle digter van sy eie gedigte sowel as bekende Afrikaanse gedigte voordra. Hy het reeds op die jeugdige ouderdom van 19 'n digbundel gepubliseer genaamd *The pressure of love*.

### **Klara Maas se hart is gebreek**

Met Wessel Pretorius en David Viviers

Datum en tyd: **Wo 5 Jul 17:00; Do 6 Jul 13:00; Vr 7 Jul 14:00; Sa 8 Jul 11:00**

Twee reisende spelers, 'n verteller en handlanger (afgewater uit die Commedia dell'arte kader), skets die biografie van 'n traan. 'n Lawwe, maar roerende inspuiting vir die gees. Die wenner van die Kanna vir Beste Debuutwerk by KKNK 2016. 'n Lag met 'n traan.

### **Illusionêr vêrder (The Mentalist)**

Met Riaan Loubser

Datum en tyd: **Vr 7 Jul 13:00**

Na vorige suksesvolle optredes by Innibos, is Riaan Loubser terug met *Illusionêr vêrder*. Riaan gebruik sielkundige- en kulkunstegnieke, visuele inligting, asook sy kennis van die menslike natuur en 'n skerp oog vir liggaamstaal om die "illusie" te skep dat hy jou gedagtes kan lees. Sy blootlegging van die onvoorspelbare en soms onverklaarbare elemente van die menslike psige slaan 'n mens dronk. *Illusionêr vêrder* is 'n interaktiewe produksie vol verrassings wat jou sal laat lag, jou fassinier en tog ook laat wonder: hoe kry hy dit reg?

### **# dit wat julle nie weet nie**

Met Adriaan van As en Francois Jacobs

Datum en tyd: **Wo 5 Jul 13:00; Do 6 Jul 18:00; Vr 7 Jul 11:00; Sa 8 Jul 13:00**

Toi toi toi. Break a leg. Ligte kamera aksie en als is hunky-dory. Maar wat gebeur as die kamera ophou rol of die teatergordyn toemaak? Kom luister, lag en deel saam in 'n paar donker geheime wanneer dié twee die aap uit die mou laat oor watter wrede minnares die vermaaklikheidsindustrie werklik kan wees ...

### **Gretha Pers**

Met David Brink en Llewellyn Steenkamp

Datum en tyd: **Wo 5 Jul 12:00; Do 6 Jul 16:00; Vr 7 Jul 12:00; Sa 8 Jul 15:00**

Hierdie is 'n komiese en interaktiewe gesinsproduksie wat oral gehore laat krul van die lag en smEEK vir meer. Sonder haar is alles moontlik, net nie so lekker nie! Haar pers en positiewe uitkyk op die lewe maak dat die aanvraag vir haar selfs groter as haar boude is – en dit is gróó! Gretha Pers en Wille Willie bied vermaak vir jonk en oud, warm of koud en kan die gehoor verseker wees van vermaak uit die boonste rakke. Vanjaar is sy nog meer kleurvol en veelsydig, meer as ooit tevore.

### **Casper de Vries**

Met Casper de Vries

Datum en tyd: **Wo 5 Jul 15:00; Do 6 Jul 17:00; Sa 8 Jul 16:00**

Geen o/16

Casper de Vries is akteur, komediant, vermaaklikheidster, skilder, regisseur en vervaardiger. Hy gebruik satire, karakterisering, waarneming en sketse in sy vermaaklike styl om kommentaar te lewer op menswees, sosiale norme, taal en politiek. Hy is baie uitgesproke en sit beslis nie 'n wag voor sy mond nie. Oplettend, snaaks, absurd, histories en enig in sy soort: Casper die Vries is terug in volle vaart en mag nie misgeloop word nie!

### **Dis 'n manne ding**

Met Wynand Strydom en Alan Huges

Datum en tyd: **Wo 5 Jul 11:00; Do 6 Jul 14:00; Vr 7 Jul 18:00; Sa 8 Jul 14:00**

Sanger Wynand Strydom en grapmaker Alan Hughes snoer kragte saam in hierdie produksie. Alan vertel eg Weskus- en Namaqualandstories terwyl Wynand liedjies gaan sing waarvan manne so baie hou. Vroue kan gerus kom inloer en kyk wat die manne skopgee. Wynand se nuwe album (wat 'n bonus storie vertel) sal ook by hierdie jaar se Innibos beskikbaar wees. Kom kuier saam hierdie twee Weskus vriende.

### **Kwêla-gesprekke**

Met Hannes van Wyk

Datum en tyd: **Wo 5 Jul 18:00; Do 6 Jul 15:00; Vr 7 Jul 16:00; Sa 8 Jul 17:00**

**Woensdag-gesprek:** 'n Kykie agter die skerms – 'n geselsie met suksesvolle regisseurs en vervaardigers Hennie van Greunen, Nelius Ferreira, Kosie Smit en Saartjie Botha.

**Donderdag-gesprek:** Hannes gesels met akteurs en hulle weeg film teenoor die teater op. Met Donnalee Roberts en Ivan Botha, Francois Jacobs en Shaleen Surti-Richards.

**Vrydag-gesprek:** 'n Geselsie met van die land se voorste akteurs en aktrises oor 'n loopbaan in die kunstebedryf. Met Deon Lotz, Antoinette Kellermann, Chris van Niekerk en Albert Maritz.

**Saterdag-gesprek:**

'n Gesprek met komedianten en ander in die bedryf wat 'n lewe uit lag maak. Hulle gesels oor wat 'n komedie suksesvol maak en waarvoor hulle self lag. Met Schalk Bezuidenhout, Marion Holm, Margit Meyer Rödenbeck en Frans Swart.

**Spar Apies Innibos**

Apies Innibos is die ideale plek waar die kleinspan kan kom speel en hulle gate uit geniet. 'n Propvol vermaakprogram met baie pretaktiwiteite word van 11:00 tot 17:00 aangebied en dit is heeltemal verniet!

**Moontlik gemaak deur Spar****Wees kreatief met Bee Creative**

Met Suzette van Zyl

**Optreetye: Wo 5 Jul 12:00; Do 6 Jul 12:00; Vr 7 Jul 12:00; Sa 8 Jul 12:00**

Bee Creative se kreatiewe span is reg om hierdie jaar die kleinspan daagliks besig te hou deur hul eie kunswerke te skep. Saam gaan ons 'n pennesakkie versier met alles wat mooi is. Ons gaan slaap-maskers uit vilt maak vir 'n lekker nagrus. Ons gaan stresballe van ballonne maak en met oulike gesiggies versier en 'n doen-dit-self-lekkergoedpakkie vol verrassings. Kom deel in die pret wat ons gaan hê met elke aktiwiteit. Al die materiaal en gereedskap word voorsien om die mooiste kunswerke te maak.

**Clarice & die Reënboogkidz**

Met Clarice Pieterse en Rooies, die Lieweheersbesie.

**Optreetye: Wo 5 Jul 13:00; Do 6 Jul 14:00; Vr 7 Jul 17:00; Sa 8 Jul 11:00**

Hierdie is 'n opvoedkundige produksie en is geskik vir kinders tussen die ouderdom van twee en twaalf. Clarice en Rooies, die Lieweheersbesie, bied 'n interaktiewe program met Bybelse beginsels en stories aan. Dit word vrolik omgesit in liedjies, dansies en praktiese lewenslesse om oud en jonk op hulle voete te kry en te vermaak.

**Gretha Pers**

**Optreetye: Wo 5 Jul 17:00; Do 6 Jul 13:00; Vr 7 Jul 15:00; Sa 8 Jul 13:00**

Gretha Pers is 'n komiese interaktiewe teaterproduksie vir die hele gesin wat gehore oraloor laat krul van die lag en smek vir nog. Gretha is pers en vanjaar ernstig besig om almal om haar positief te maak. Sy betrek graag die gehoor as deel van haar vertoning. Hierdie produksie is vol verrassings, humor en musiek en sy pak enige iets aan wat die lagspiere kielie. Gretha Pers is al vir meer as 10 jaar deel van die vermaaklikheidswêreld.

**Gertjie die Brandweer-ertjie**

Met Megan Van Wyk, Jan Brink, George van Rooyen en Nina Erasmus.

Regie: JP du Plessis

**Optreetye: Wo 5 Jul 15:00; Do 6 Jul 17:00; Vr 7 Jul 11:00; Sa 8 Jul 14:00**

Gertjie is 'n grasgroen ertjie met 'n groot droom vir 'n werkjie. Hy wil 'n brandweer-ertjie word en so sy merkjie maak! Die ander ertjies dink Gertjie is nie lekker nie, maar Gertjie glo vas in sy klein ertjie-hart dat sy droom waar kan word. By Meneer die Brandweer-peer leer Gertjie wat om te doen as 'n brand uitbreek: stop, drop en rol!

As 'n ertjie is dit maklik vir Gertjie om te stop, te drop en te rol... maar sal dit genoeg wees om van Gertjie 'n brandweer-ertjie te maak? Sal Gertjie kan keer dat die nare brandwurms, Kinkel en Konkel, die groentetuin afbrand? Waarmee worstel die Wortel, is Meneer die Brandweer-peer besig om te gis en hoekom traan almal se oë as Ui verskyn? Skaterlag pret vol betowering, want dis hoe hierdie ertjie rol!

### **Hooper**

Met Steyn Fourie

**Optreetye: Wo 5 Jul 18:00; Do 6 Jul 18:00; Vr 7 Jul 18:00; Sa 8 Jul 18:00**

Hooper is komiese karakter soortgelyk aan die bekende Mr Bean met die verskil dat Hooper eg Suid-Afrikaans is. Hooper fokus daarop om vir jong kinders morele waardes en reëls op prettige en visuele wyse te leer. Hulle sal herhaaldelik daarna kyk en die lesse sal blywend invloed hê.

Hooper is reeds superbekend as gevolg van die DVD-sukses, maar nou maak hy ook 'n lewende en lewendige verskyning by skole en kleuterskole. Tydens die vertoning hanteer Hooper baie belangrike gedrags- en dissiplineprobleme op 'n grappige, interaktiewe en musikale wyse en kry sodoende die boodskap baie duidelik oorgedra.

Kom kyk waarom die kleinspan so gaande oor Hooper is en waarom hulle persoonlike aanklank met hierdie unieke karakter vind.

### **Kanoeksie & Kadoeksie**

Met Anel Skye en Robyn Muller

**Optreetye: Wo 5 Jul 14:00; Do 6 Jul 11:00; Vr 7 Jul 13:00; Sa 8 Jul 17:00**

Kanoeksie en Kadoeksie is twee elfies met persoonlikhede so kleurvol soos die reënboog. Kadoeksie is 'n besige seuntjie wat hou van sport, om met sy karretjies te speel en nuwe dinge te ontdek. Kanoeksie is 'n oulike dogtertjie wat mal is oor ballet en musiek. Saam leer hulle vir maatjies op 'n prettige manier van letters, kleure, goeie maniere, kieme en vitamienes en hoe om te deel. Kom dans en sing gerus saam met die twee elfies!

### **Klikkerland! Planne, poetse en pret!**

**Optreetye: Wo 5 Jul 11:00; Do 6 Jul 15:00; Vr 7 Jul 14:00; Sa 8 Jul 15:00**

Die kleurvolle Klikkerlanders se dae is vol poetse, planne en pret en tydens hul maltrap avonture kan enige iets gebeur!

In die vertoning leer een van die Klikkerlanders dat die gesegde dat slim sy baas vang, baie waar is. Verskeie misverstande veroorsaak groot konsternasie! Die Klikkerlanders benodig hulp van maats in die gehoor om die raaisels van die slegte melkskommel en die verdwynende roomys op te los.

Daar is 'n Klikkerlander vir elke kind en saam leer hul dat almal spesiaal is. Die produksie is gevul met oorspronklike musiek en die gehoor word deel van die aksie. Kom kuier. lag, sing en dans saam in Klikkerland! Geborg deur kykNET.

### **Huletts Kolwyntjiepret!**

**Optreetye: Wo 5 Jul 16:00; Do 6 Jul 16:00; Vr 7 Jul 16:00; Sa 8 Jul 16:00**

Hierdie jaar is daar weer by Apies Innibos 'n opwindende aktiwiteit wat die kleinspan kan meemaak, naamlik Huletts se Kolwyntjiepret. Heerlike kolwyntjies word deur die VLU gebak en wag net om deur kreatiewe vingertjies versier en deur gretige mondjies geëet te word. Geborg deur Huletts.

Daar is ook tafeltjies en stoeltjies waar die kleinspan na hartelus kan inkleur en verf, knip en plak, klei-speel en blokkiesbou. En natuurlik 'n springkasteel waar hulle van al hulle energie ontslae kan raak. Alles onder die waaksame oog van bekwame personeel.

### **KINDER-OPPASDIENS OP DIE FEESTERREIN**

Die ATKV Laeveld-tak bestuur die Apies Innibos aktiwiteite en ouers kan hul kinders met 'n geruste hart hier in die bekwame hande van oom Louis en sy knap span laat. Kleintjies moet in- en uitgeteken word, maar die groter kinders is welkom om te kom en gaan soos hulle wil.

'n Kinder-oppasdiens is ook daaglik beskikbaar. Ouers wat graag 'n produksie wil bywoon of net in vrede tussen die stalletjies wil gaan stap, kan gerus van hierdie diens gebruik maak.

Vir die kleinspan wat ingeteken is, is daar tydens middagete heerlike eetgoed wat deur Enterprise geborg word.

Daar is ook 'n aand-oppasdiens. 'n Kinder DVD, inkleurgoed en speletjies word gebruik om die kleingoes besig te hou en daar is matrassies waarop die hulle kan slaap. Bekwame personeel sien na die kleintjies om teen 'n billike tarief. Vir enige navrae skakel **082 321 6311**

Geborg deur Huletts en Enterprise.

### **INNIBOS FILMFEES**

Tyd	Wo 5 Jul	Do 6 Jul	Vr 7 Jul	Sa 8 Jul
11:00	Noem my Skollie	Alison	Vir die Voëls	Die Rebelle van Lafras Verwey
14:15	Beloofde land	Kolskoot	Onthou	Spoor(loos)
15:00	Die Biker	Koue voete	Oom	Vlees van my Vlees
15:45	Arts	Hum	Merk, Sny, Stoor	Plankekoors

Die kykNET Bosbioskoop is 'n gratis fliekvenue op die feesterrein. Kom kyk na die beste van die kykNET Silwerskerm Kortfilmfees. Die kortfilms duur slegs sowat 20 minute – net lank genoeg om lekker asem te skep van die roesemoes op die feesterrein!

### **Kortfilms**

#### **ARTS**

**Met o.a. Charlenè Brouwer, Elzette Maarschalk, Gustav Gerdener en Richard van der Westhuizen**

Estelle woon nog by haar ma, hou van roetine en spesifieke kleure, herstel horlosies as stokperdjie en sukkel om situasies te lees. Sy raak verlief op die veearts en soek beseerde diere om kliniek toe te neem. Haar ma hou nie daarvan nie...

**BELOOFDE LAND**

**Met o.a. Schalk Bezuidenhout, June van Merch, Petro van den Heever, Mariechen Vosloo, Riaan Cruywagen, Craig Mathys en Hannahmi Alfredo**

Lodewyk Mouton is die diktator én grootste popster van die land Anskroepolis en dwing sy swak musiek op almal af. Op die vooraand van 'n musiekskouspel ter viering van sy tiende bewindsjaar laat 'n groep rebelle egter die poppe behoorlik dans.

**DIE BIKER**

**Met o.a. Paul du Toit en Ian Roberts**

'n Motorfietsryer vat die verkeerde afdraai en beland op 'n afgeleë plaas sonder selfoonontvangs wat aan 'n biker-hater behoort. Dié vertel sy hartseer verhaal en die nag word lank. Het dit egter regtig alles gebeur of was dit die witblits wat gepraat het?

**HUM**

**Met o.a. Carel Nel, Cintaine Schutte en Deon Lotz**

(Vier Silwerskerm-toekennings; o.m. vir beste akteur in 'n kortfilm.) Thomas hoor die verlamme gegons in sy ore al so lank dat hy beswaarlik kan onthou wanneer alles skeefgehoop het. Hy wend hom tot skokterapie en berading om die oorsaak op te spoor en ook om Jana, die liefde van sy lewe, te oortuig hy is nie mal nie.

**KOLSKOOT**

**Met o.a. Albert Pretorius, Cherie van der Merwe, Marie Pentz, Hannes Brümmer en Fritz de Jager**

Fanus Niemand, lewensmoeg en alleen, is onbevoeg om sy eie lewe te neem en kontraktee 'n goedkoop, anonieme huurmoordenaar om hom van kant te maak. Dan draai sy geluk en verander hy van plan. Sal hy die huurmoordenaar betyds opspoor?

**KOUE VOETE**

**Met o.a. Kaz McFadden, Juanita de Villiers, Andre Velts, Deon Coetzee, Shareen Swart, Francois Viljoen en Melinda Brink**

'n Boemelaar, twee aanstaandes, twee bekommerde ouers en 'n dronk paartjie – binne die bestek van een aand verander dié sewe mense se lewens ingrypend. Die les? Moenie 'n misdadiger op sy skoene takseer nie.

**MERK. SNY. STOOR.**

**Met o.a. Jacques Bessenger, Lilani Prinsen, Suzi Swanepoel, Juan Lotz, Sandra-Simoné Visser, Corrie van Heerden en Nico Botma**

'n Jong man worstel met onverwerkte trauma ná sy ma se selfdood. Hy loer 'n jong vrou deur 'n venster af en keer haar dan in die badkamer vas. Sy moet ontsnap terwyl hy geteister word deur beelde van sy ma se selfdood in 'n bad.

**ONTHOU**

**Met o.a. Marga van Rooy en Phillip Schnetler**

Wanneer 'n jong hippie aangestel word om 'n streng, foutsoekerige dame te versorg, is hulle uit die staanspoor haaks. Tog ontstaan daar 'n hegte vriendskap tussen hulle en leer hulle om mekaar te aanvaar.

**OOM**

**Met o.a. Pierre van Pletzen, Philippus Boshoff, Je-ani Swiegelaar, Anrich Herbst, Ansu Visser en Philicity Reeken**

Oom Johan Booyens verloor sy werk en besluit om die pad see toe te vat. Ná hy 'n vreemde jong man oplaai wat 'n geleentheid soek, besef oom Johan gou hoe gevaarlik die langpad kan wees.

**PLANKEKOORS**

**Met o.a. Antoinette Kellermann en Greta Pietersen**

Twee aktrises – een 'n groentjie, die ander 'n veteraan – weifel tussen veg of vlug op die openingsaand van hulle toneelstuk. Dié film beeld die opwinding en vrees uit wat akteurs ervaar nét voor die gordyn lig.

**SPOOR(LOOS)**

**Met o.a. Fezile Mpela en Pulane Sekepe**

Van kleins af probeer Johnson alles en almal te red. Dat hy nie van nature 'n held is nie, skeel hom min. Wanneer 'n prostituut onverwags in sy lewe verskyn, wil hy natuurlik help.

**VLEES VAN MY VLEES**

**Met o.a. James Alexander, Erica Wessels en Luan Jacobs**

(Silwerskermfees-toekenning: beste kortfilm 2016.) 'n Getroude paartjie se verhouding verander ingrypend ná 'n motorongeluk hulle dogtertjie se lewe eis en die vrou in 'n rolstoel kluister. Dit is 12 jaar later, en hulle huwelikshedenking.

<b>Vollengte films</b>
------------------------

**Maak gerus tyd om van die meer onlangse vrystellings op die kringloop te sien, onder meer *Lafras Verwey*, geskryf deur Laevelder wyle Chris Barnard met regie deur sy seun, Simon Barnard.**

**DIE REBELLIE VAN LAFRAS VERWEY**

**Met o.a. Tobie Cronjé, Chantell Phillipus, Neels van Jaarsveld, Cobus Visser, Lionel Newton, Albert Pretorius**

Lafras Verwey is 'n aardsverlore siel wat nooit die werklikheid kon aanvaar nie. Hy werk in die staatsdiens, maar hoor musiek in sy ore en droom drome oor die toekoms waar hy 'n sleutelfiguur is in die rebelle wat die wêreld sal verander.

Wanneer hy Petra, 'n jong swanger vrou onderdak neem, kry die rebellie vir hom nog groter betekenis en vervaag die grense tussen werklikheid en fantasie.

**NOEM MY SKOLLIE**

**Met o.a. Dann-Jacques Mouton, Gantane Kusc, Tarryn Wyngaard, HemelBesem**

Noem my Skollie is gegrond op ware gebeure uit die skrywer John W. Fredericks se lewe in die 1960's, eers op die Kaapse Vlakte en in Woodstock, toe in Pollsmoorgevangenis.

Dit is 'n aangrypende drama oor vriendskap, verraad en die kringloop van benedegeweld; van 'n jong man wat onder wrede omstandighede in die tronk beland en daar oorleef deur stories te vertel.

Noem my Skollie is Suid-Afrika se inskrywing vir die 2017 Oscars.

### **ALISON**

**Met o.a. Alison Botha as haarself en Christia Visser as die jong Alison.**

Wat met Alison Botha op daardie verskriklike nag in 1994 gebeur het toe Theuns Kruger en Frans du Toit haar ontvoer, verkrag en herhaaldelik met 'n mes gesteek en haar keel afgesny het, het die land aangegryp.

Veral omdat Alison nie net die wrede aanval oorleef het nie, maar ook vir die manier waarop sy daarna as motiveringspreker soveel mense geïnspireer het. Dié dokudrama vertel die storie.

### **VIR DIE VOËLS**

**Met o.a. Simonè Nortmann, Francois Jacobs, Elize Cawood, Lara Kinnear, Bennie Fourie, Neels van Jaarsveld, Nicola Hanekom, Drikus Volschenk, Edrien Erasmus, Leandry Smit, Candice Kruger en Liam Bosman**

Irma Humpel is 'n korrelkop-rabbedoe wat in die laat 1970's in 'n trourok voor die kansel beland. Die bruidegom is die seun wat haar kleintyd geterg het. Tot kort tevore het sy vas geglo dat onafhanklikheid die enigste vorm van vryheid is, maar intussen het Sampie de Klerk haar oor haar oortuigings laat nadink.

Of het sy? Want die rabbedoe-Irma steek toe in haar spore voor die kansel vas...